
# 440 By die kruis met troue wyding STABAT MATER




En in daardie bitter stonde slaan die swaard sy diepe wonde
in haar siel en moederhart.
    In haar droefheid, hoe verslae hoe vol deernis te beklae
    staan sy nou – eens hoog vereer.
Sy, geseënde onder vroue, sidder vir die hamerhoue,
sien hoe kruisig hul die Heer.
    Diep ontroer die pyn en smarte van die moeder van ons harte
    waar ons met haar staan en ween.
Maar die kelk in al sy wrangheid vir die Moeder in haar bangheid
ledig sy en sy alleen.
    Sien die trane in haar oë! Sy wil help, maar onvermoë
    hinder haar om Hom te steun.
Sien die Lewe van haar lewe tot verlossing ons gegewe
op die skandhout uitgestrek.
    Vir sy volk – voor God so skuldig - dra haar Seun die straf geduldig:
    Ja, verag is Hy, gesmaad.
Voor die strafgerig verby is en sy lewe afgesny is,
reeds deur elke vriend verlaat.
    Laat my hart van liefde gloei wil my siel aan Christus boei
    dat ek steeds met Jesus bly.
Ek bely wat ek gedoen het, want ek weet dat Hy versoen het
ons met God deur al sy pyn.
    Mag die kruishout en sy Lyding teken wees van ons bevryding
    as ons sterf en voor Hom staan.
Liewe Jesus, laat u smarte spreek tot onse sondaarsharte;
Bron van liefde, troue Heer.
    Dan sal ons deur u genade en met reiner liefdesdade
    ons Verlossser dien en eer.

Jacopone da Todi (+1306) Mainz Gesangboek (1661)